
MT 24-25: JESUS SE PROFETIESE REDE [1]

Die aanloop [Mt 21-23]

E223

Met min Skrifgedeeltes sukkel gelowiges meer as met Jesus se profetiese rede. Dit geld veral die eerste 35 verse van Mt 24. Lees mens v.23-33, en dan v.34-35, kry jy glad nie die kloutjie by die oor nie. Dis algemeen om te aanvaar dat die eerste klompie verse te doen het met die wederkoms van Christus. Maar dan sê Jesus dit gaan gewis nog in Sý geslag plaasvind.

Het Jesus dit mis gehad? Baie kritiese teoloë huiwer nie om dit te sê nie. Albert Schweitzer sê sonder huiwering dat Jesus gedink het Hy is die Joodse Messias, maar dat Hy, toe die volk Hom verwerp het, die kruis in Sy ontnugtering as 'n uitkoms omhels het!

Natuurlik probeer baie Skrifuitlêers die dilemma ontkom. Talle probeer 'n ander uitleg as die letterlike vir v.34 vind. Andere gooi die voorafgaande verse na willekeur in een van twee kassies: dié wat slaan op die val van Jerusalem, en dié wat te doen het met die wederkoms. Asof die Here onseker en onsamehangend gepraat het!

Kom ons pak die uitdaging aan! Kom ons kyk in diepte na die gedeelte en probeer agter die kap van die byl kom. ¹ In die proses sal daar asemrowende uitsigte voor ons ontvou. Ons sal Christus as God se groot Profeet, en die Here se soewereine heerskappy oor die geskiedenis, soveel te meer waardeer.

1. Ons sal grootlik leuen op J. Marcellus Kik, *An Eschatology of Victory*, Presbyterian & Reformed, 1971. Ek vind sy uitleg van die eerste helfte van hierdie rede baie oortuigend en bevredigend.

In ons ondersoek sal ons vind dat die Bybel self keer op keer die antwoorde bied. Die ou en beproefde hermeneutiese reël, om Skrif met Skrif te vergelyk, sal soos klokslag tot ons redding kom.

Die aanloop tot Jesus se profetiese rede

Die profetiese rede is die klimaks van verskeie konfrontasies met die Joodse leiers tydens die voorafgaande dae. Jesus lewer hierdie stuk profetiese lering op die Woensdag (12 Nisan) - twee dae nadat Hy Jerusalem triomfantelik op 'n donkie binnegery het, en twee dae voordat Hy gekruisig sou word.

Van die begin af het Jesus en die Joodse leiers gereeld teenoor mekaar te staan gekom. Trouens, Johannes die Doper kondig reeds af dat die vrugtelose bome in Israel se boord, en die kaf op hulle dorsvloer, verbrand gaan word. En in Mt 23:33 plaas Jesus Homself in lyn met Johannes as Hy die wegbereider se benaming vir die leiers gebruik: slange, addergeslag!

Maar dis tydens hierdie laaste week voor die kruisiging dat die konflik op sy hewigste raak.

"Maandag", 10 Nisan

Matteus 21 begin met Jesus se intog in Jerusalem - as vervulling van die Ou Testamentiese profesieë (Sag 9:9). Die volk besef dit en ontvang Hom gretig: "Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!" (21:9). Sels die kinders sou Hom die volgende dag as Messias erken en loof: "Prys die Seun van Dawid!" (21:15).

Hieroor is die Fariseërs baie onthuts: "... die hele wêreld gaan agter hom aan!" (Jh 12:19). Hulle versoek Jesus om die mense te bestraf. Maar Hy antwoord: "As hulle stilbly, sal die klippe uitroep" (Lk 19:39-40).

As die Here Jerusalem voor Hom sien, raak Hy baie bewoë. Hy weet onbeskryflike ellende wag op die stad en sy mense (Lk 19:41-44). Hy het meermale so hartseer geword oor die stad - twee

dae later ook weer (Mt 23:37-39; Lk 13:34-35).

"Dinsdag", 11 Nisan

Vol betekenis vir ons onderwerp is die vervloeking van die vyeboom vroeg die oggend (21:18-19). Ou Testamenties was die vyeboom meermale 'n simbool vir Israel (Hos 9:10; Joël 1:7; Lk 13:6-9). Soos die volk, is ook hiërdie boom onvrugbaar. Laat ons dus nie geskok wees oor die vervloeking nie, maar besef dat dit vol profetiese betekenis is: "Jy sal in der ewigheid nooit weer vrugte dra nie." Dit beteken nie noodwendig dat God finaal klaar is met die Jode nie. Maar die Joodse volk, as verbondsvolk, en hulle seremoniële godsdiens, sal nooit weer in God se ekonomie 'n rol speel nie.

Dis ook die dag waarop die Here vir die tweede keer die tempel skoonmaak (21:12-13). In plaas om daarvan 'n plek van gebed te maak, maak hulle met hulle handeldrywery daarvan 'n "rowersnes" (Mk 11:17).

s Só bedreig hierdie woorde van die Here die Joodse leiers dat hulle beplan om Hom om die lewe te bring. Hy gaan egter rustig voort om talle siekes gesond te maak en vir die mense lering te gee (21:14; Lk 19:47-20:1). Hy weet dat Hy toegerol is in die Vader se liefde. En Hy weet dat niks of niemand Sy sending sal kan verydel nie.

"Woensdag", 12 Nisan

As Jesus-hulle vroeg die volgende môre teruggaan stad toe en die dissipels die verdroogde vyeboom sien, is hulle stomgeslaan. Dit gee dan aanleiding tot die Here se verbysterende gebedsbelofte (21:20-22; Mk 11:20-26). Hierdie belofte is nie net 'n blankotjek nie. Waarskynlik sinspeel dit op die menslik-onmoontlike taak wat op die dissipels wag - 'n taak wat slegs in biddende afhanklikheid van die Here uitgevoer sal kan word - naamlik om met gelowige evangelieverkondiging die finale spykers in die doodskis van Joodse seremoniële godsdiens te slaan, en die kerk onder die nasies te vestig.

Jesus-hulle gaan dan tempel toe, waar Hy weer die mense leer. Daar kom die leiers na Hom toe en wil weet waar Hy die gesag kry om al hierdie dinge te doen. Wie gee Hom die reg? (21:23).

Dit gee dan daartoe aanleiding dat Jesus hulle konfronteer omdat hulle geen ag geslaan het op Johannes die Doper se boodskap nie. En dan vertel Hy drie gelykenisse, wat al drie 'n verdoemende oordeel oor die Jode, veral hulle leiers, uitspreek.

- In die *gelykenis van die twee seuns* (21:28-32), sê Jesus dat die tollenaars en prostitute, ten spyte van hulle sondige lewens, tog nou die kritieke moment van God se heil raaksien. Maar die Fariseërs en skrifgeleerdes is heeltemal blind daarvoor. Waarom? Dis oor hulle ongeloof, hulle godsdienstige hoogmoed, en hulle trots.

- In die *gelykenis van die boere en die wingerd* (21:33-46), slaan die Here die spyker nog dieper in. Die Jode het alles in hulle guns gehad. Maar, in plaas daarvan om God se verbondsgenade as 'n stuk rentmeesterskap te sien en uit te leef, het hulle Sy profete verwerp. En nou gaan hulle, om alles te kroon, Sy Seun nog vermoor ook. Wat sal die gevolg daarvan wees? Hulle, en waarvoor hulle staan, sal onder God se oordele vergaan. En die koninkryk sal vir andere gegee word - mense wat Godvererende vrug sal voortbring.

Die gedeelte eindig dan nogeens met die Jode se pogings om Jesus te vang, maar omdat die skare op hierdie stadium Hom nog aanhang, is hulle bang.

- Die *gelykenis van die bruilof* (22:1-14) is 'n variasie op dieselfde tema. In v.7 word uitdruklik op die vernietiging van Jerusalem gesinspeel: die genooies wat die koning se uitnodiging geminag het, se stad word verbrand.

Steeds gee die Joodse leiers nie op nie. Hulle sweer saam met die Romeinsgesinde Herodiane om Jesus met lis in 'n politieke intrige te verstrik (22:15-22). Kennelik hoop hulle dat die Romeine hulle vuilwerk sal doen. Hulle moet egter druipstert voor Jesus se

wysheid die aftog blaas.

In die volgende gedeelte van Matteus (22:23-33) probeer die ongelowige Sadduseërs op hulle beurt vir Jesus in die verleentheid stel oor die opstanding - maar kom sleg tweede in die proses.

In die laaste verse van Mt 22 lees ons nogeens van twee verbale skermutselings (34-46). Maar elke keer moet die skrifgeleerdes kous oor die kop omdraai.

Só, het hulle nou besef, sou hulle nooit in hulle planne slaag nie. Hulle sou 'n ander, meer diaboliese strategie moes volg om van Jesus ontslae te raak.

Die Here is egter nie klaar met die Joodse leiers nie. Die gebeure sedert Hy Jerusalem binnegekom het, het die weg geplavei vir die striemende oordele wat Hy in Mt 23 oor hulle uitspreek.

Die hoofstuk val uiteen in vier gedeeltes.

- Vers 1-3a: Alles wat die skrifgeleerdes en Fariseërs leer wat ooreenstem met Moses se lering, moet die mense doen. Nie alles wat hulle geleer het, was verkeerd nie.

- Vers 3b-12: Hier som Christus die Joodse leiers se sondes op.

Hulle is huigelagtig. Hulle stapel voorskrif op voorskrif op die mense, maar is self nie bereid om daarvolgens te leef nie.

Hulle is onsimpatiek. Anders as Jesus, wie se juk sag is en wie se las lig is (11:28-30), is hulle gevoelloos oor wat hulle die mense aandoen.

Hulle is vertonerig. Op allerlei maniere wil hulle hul vroomheid afwys.

- Vers 13-36: Nooit vantevore het die Here sulke skrikwekkende en striemende oordele oor die Jode uitgespreek nie. Die leiers is dwaas en blind (16, 17, 19, 24, 26). En daarom wag daar verskriklike ellende op hulle (v.13, 14, 15, 23, 25, 27, 29).

In v.32 sê Hy: "Gaan maar aan, maak klaar wat julle voorvaders begin het!" Die beker van die Jode se sonde is tot oorlopens toe vol. En die geslag met wie Hy praat, gaan dit laat oorloop - en só God se

finale en vernietigende oordele oor hulleself haal. Onmiskienbaar is dit die kruisiging en die apostels se vervolging wat die laaste strooi gaan wees (23:34-35).

En laat Sy hoorders nie dink dit sal soos dikwels vantevore weer honderde jaar duur voordat die oordele vervul word nie. Die geduldige God van hulle vaders se geduld is nou finaal op - *nog oor daardie selfde geslag sal Sy vernietigende en finale straf spoel* (36).

- Vers 37-39: Die Here Jesus sluit Sy heel laaste publieke preek af met 'n aangrypende treurlied, 'n weeklaag. Hoe dikwels het Hy nie begeer om Jerusalem se mense koesterend te versamel nie - soos 'n hen haar kuikens onder haar bymekaar maak. *Maar hulle wou nie!*

Nou is die genadetyd egter verby. Hulle en hulle woonplek is gedoem. Al wat sal oorbly, is 'n hoop puin (38). God gaan die tempel finaal verlaat. Nie langer praat Jesus van "My huis" nie (21:13), maar van "julle huis".

En Christus self se vertrek is op hande. Selfs in hierdie hartroerende treurlied sit geen uitnodiging meer tot bekering en redding nie. Dis verby, genadetyd is verby. En so sal dit bly - totdat hulle weer eendag, eendag sal uitroep: "*Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!*"

Dan sal dit opreg wees - anders as twee dae vantevore (21:9).

Dit dan is die agtergrond vir en aanloop tot Jesus se profetiese rede.

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: ldrey@lantic.net; T: 012-808 3906